SOUTH-AFRICAN-PUBLIC-LIBRARY
23 AUG 1949

GENIET
'N YSKOUE
IRON BREW
. . . . dis HEERLIK!

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

# DIE MATIE

PRYS 2D.

(Uitgegee onder beskerming van die V.S.R.)

Deel III — „DIE MATIE," VRYDAG, 19 AUGUSTUS 1949 — No. 10

Lubbe
Die plek waar ou skoene nuut gemaak word

## Studenteraad-Verkiesing In Vooruitsig

**Binne enkele weke sal die verkiesing van die volgende S.V.R. plaasvind. Volgens 'n besluit wat op die eerste monstervergadering vanjaar geneem is, sal die S.V.R.-verkiesing voortaan gedurende die derde kwartaal plaasvind. Die idee is dat daar sodoende 'n groter mate van kontinuïteit in die werksaamhede van die S.V.R. kan wees. Dit is 'n besluit wat sekerlik 'n groot verbetering in hierdie opsig beteken.**

### WERKSAAMHEDE STAAK 31 AUGUSTUS

Die werksaamhede van die huidige S.V.R. staak op 31 Augustus en hierdie datum word dan ook beskou as die einde van die finansiële jaar.

Die laaste S.V.R.-vergadering sal dan gehou word op 5 September. 'n Vergadering wat sekerlik lank sal duur om die omvangryke werksaamhede suksesvol af te sluit sodat die nuwe ampsdraers gerieflik hulle plekke kan inneem, sal ietwat tyd in beslag neem.

### MONSTERVERGADERING

Die volgende monstervergadering sal dan waarskynlik op die 9de September plaasvind, maar dit hang net af wanneer Juniordag gehou gaan word. Die S.V.R.-verkiesing sal waarskynlik 'n week na die monstervergadering plaasvind, maar weereens hang dit af wanneer Juniordag gaan plaasvind. Hierdie monstervergadering is van veel belang, want behalwe die nominasies vir die volgende S.V.R. sal daar ook 'n aantal konsekwente konstitusionele veranderings aangebring moet word as gevolg van reeds gedane veranderings by die vorige vergadering.

### BETER OPKOMS VERWAG

Daar word verwag dat hierdie monstervergadering beter bygewoon sal word, en dat dit nie weer behoort te gebeur soos in die verlede, dat daar skaars 'n kworum aanwesig is nie. Wanneer sulke belangrike sake afgehandel word wat vir elke student van groot belang is dan behoort ons meer entoesiaties te wees en sorg dat ons die besprekings bywoon.

### FEITLIK ALMAL STEMGEREGTIG

Vir die eerste keer in die geskiedenis van Stellenbosch sal daar 'n S.V.R.-verkiesing plaasvind waar feitlik alle studente stemreg sal hê. Die eerstejaars is stemgeregtig aangesien hulle alreeds ses maande ingeskrewe studente is. Alleenlik die persone wat nog nie ses maande hier is nie, sal nie stemgeregtig wees nie.

### LANGER STEMBUS-URE

Die stembus sal voortaan oop wees vanaf 8-uur vm. tot 4.30 nm. Hierdie kan as 'n goeie verbetering bestempel word aangesien daar hierdie keer ongetwyfeld 'n hoër persentasie stemme uitgebring behoort te word. Dit gee aan meer persone die geleentheid om te kan stem.

### S.V.R.-LEDE WAT WEGGAAN

Daar is nie minder as ses van die twaalf S.V.R.-lede wat ons aan die einde van hierdie jaar gaan verlaat nie. Hulle is mej. Jeanette Briers en mnre. Koos Louw, Dick Hennessey, Tom van Eeden, Duke Metcalfe en Andries Gouws. Hierdie persone voltooi vanjaar hulle studies op Stellenbosch.

## Nuwe Komitee-Lede Van Huis-Marais

Die volgende persone is tot huiskomiteelede van Huis Marais gekies:

Mnre. Kalpie Loots, Piet Hough en Hennie Greef.

Herman Rolfes (ook bekend as die haan van Clocolaan) is tot vise-primarius verkies.

## Die Nonne Sê Dankie

**Aan die begin van die jaar het die vyftal nonne wat die H.P.O.D.-klasse hier bywoon, baie opspraak verwek.**

Hierdie nonne het in Maart 1949 hier aangekom, direk uit Ierland. Hulle behoort almal aan die Orde van St. Dominic, wat uitsluitlik 'n „Teachers' Order" is. Hulle beywer hulle dus om deur die hele wêreld skole te stig en opvoedingswerk te verrig.

Hiervoor het hulle egter 'n universiteitsgraad nodig om hulle vir die werk te bekwaam. Daarom moet diegene wat besluit het om eers nonne te word, daarna nog na 'n universiteit gaan om hulle graad te kry.

### KIES STELLENBOSCH

Die vyf nonne kon kies watter universiteit in Suid-Afrika hulle wil bywoon. En hulle was nog nie vir een oomblik spyt daaroor dat hulle keuse op Stellenbosch geval het nie.

### LEER AFRIKAANS

Hulle is hard besig om Afrikaans te leer, en hulle gee almal hulle dankbaarheid te kenne teenoor die dosente wat so gaaf is om hulle selfs na ure te help om die Afrikaanse lesings in Engels te vertaal.

Die tegemoetkoming en vriendskap wat hulle oral van die studente self ontvang, het hulle eers glad verbaas. Nou kan hulle net sê baie dankie. Waar hulle verwag het dat daar miskien met hulle gek geskeer sou word, het hulle net die grootste eerbied en hulp gekry.

### AFRIKANERS GASVRY

Veral oor die gasvryheid van die Afrikaners kan hulle nie genoeg praat nie, en hulle sê ook dankie aan diegene van die publiek wat hulle al tegemoet gekom het.

Hulle is dit met mekaar eens dat Stellenbosch een van die mooiste plekke is wat hulle nog gesien het, en dan sluit hulle lande soos Ierland, Frankryk en Switserland in!

Nogmaals dankie, Maties!

## En Nog 'n Sangfees . . .

Met al die sangbedrywighede van die afgelope paar weke, wonder 'n mens byna of daar nog mense is wat aan die Sangfees dink. Tussen die duisternis van plakkate . . . . Sack, Salomon, Hall, Hallis, en die menigte ander, merk 'n mens egter ook nou hier en daar 'n paar op wat jou daaraan herinner dat iewers op Stellenbosch tog nog mense is vir wie Septembermaand en die Sangfees al sinoniem geword het. Ja werklik, daar is nog mense wat die tyd en die moed (en die geduld?) het om dag na dag noot vir noot te oefen — met apologie aan die dames — aan Wagner, aan Verdi, aan Bizet, en wat nie alles nie; mense wat tussen alles deur nog dink aan 16 en 17 September as uitstaande datums in die jaar.

*DR. GAWIE CILLIÉ, Vader van die Sangfees*



Johann Martinson lei vanjaar Dagbreek, Huis-Marais, Sonop, L'Avenir, Harmonie en Crozierhuis. Hy is 'n ou bekende en ons verwag weer baie van hom. Sy koor sing o.a. die Priesterkoor uit Die Towerfluit, „A Fosco Cielo" uit „La Somnambula" van Bellini, die „Miserere" uit „Il Trovatore", ens. Ons sien uit daarna.

Een van die ou staatmakers en iemand sonder wie 'n mens jou byna nie meer Stellenbosch se musieklewe kan voorstel nie, is die „Professor met die mooiste baard" — dr. Gawie (jr.). Die Universiteitskoor sing vanjaar werklik uit die hoë rakke . . . . soos dit hulle betaam. Toe ek nou die aand deur hulle boeke geblaai het, het ek daar opgemerk die Bruilofslied uit „Lohengrin", die Spinlied uit „Der Fliegende Holländer", die Aambeeldkoor uit „Il Trovatore", die Wynlied uit „La Traviata", uittreksels uit „Carmen", ens., ens. Ons ken hulle — ons weet wat om te verwag!

'n Nuweling onder die Sangfees-dirigente is Ernie Marais. Onder sy leiding sing Huis-Visser, P.S.O., Monica en Helderberg, o.a. „Victoria" uit „Der Freischutz" van Von Weber, „Die Einzug der Sieger" uit „Judas Maccabeus" en 'n paar Korale en Volksliedjies.

'n Mens sal Jan de Villiers mis onder die geledere van die dirigente van vanjaar — hy was een van die vaders van die Sangfees. Maar hy het gesorg dat hy vir hom iemand grootmaak wat sy plek kan volstaan. Con Hofmeyr het mos reeds 'n jaar of wat gelede saam met Jan die Groot Koor uit „Aïda" gedirigeer en weet dus hoe om wat te doen. Wilgenhof, Huis de Villiers, Huis-ten-Bosch en MacDonaldhuis sing vanjaar saam. Hulle het besluit om te sorg vir die ligter sy van die program en in hulle boeke het ek opgemerk „In 'n donker straat . . ." uit „Rigoletto", 'n aantal ligte Italiaanse liedjies soos „Torna, Piccina . . .", „La Campana di San Giusto", 'n paar gewyde Engelse liedere, 'n Keursang van Duitse Studenteliedjies, die baie gewilde „A la luz de la luna", ens.

Die fondse gaan vanjaar na die plaaslike A.C.V.V.-tak, Komitee vir Teringbestryding, Vrouekomitee van die Universiteit, en die Langenhoven-Gedenksaal. Die plekbespreking open op Maandag 5 September by Universiteits-Uitgewers.

Lewe die Sangfees!

G. K.

W.C. du Toit
Skoenmaker
FOTOGRAFIESE AFDELING
van Ryneveldstraat 10,
Stellenbosch
Ons spesialiseer in
ONTWIKKELING, AFDRUKKE en VERGROTINGS

STAP IN BY
DIE UITSPAN . . .
. . . Want Dis Elke Student Se Uitspanplek
DIE UITSPAN KOFFIEHUIS
Dis U Huis Kom Maak U Tuis

# ERNA SACK BESOEK ONS

**Dit is iets nuuts vir ons dat 'n beroemde, hoogaangeskrewe sangeres soos Erna Sack by 'n doodgewone huis instap en na 'n konsert van soveel uur en 'n opknappertjie van 'n paar koppies koffie regstaan om nuwe indrukke met 'n lewendige gemoed te ontvang.**

Erna Sack is 'n gewone mens, uit die volk. Sy sing ook, as sy op die verhoog staan, openhartig vir die volk, maar dit wil nie sê dat sy nie aan die hoogste eise van die sangkuns voldoen nie. In haar omgang met vreemdelinge, laat sy enige styfheid en formele etiket nooit toe om haar natuurlike vriendelikheid aan bande te lê nie, hoewel sy natuurlik altyd heel korrek optree. Maar dis juis haar spontaniëteit wat soveel ingang vind by die deursneemense.

Haar jarelange beroemdheid het Erna Sack nie in 'n pretensieuse hoogmoedige geëerde verander nie; elke lofbetuiging ontvang sy met nuwe plesier. En tog moet dit vir haar 'n mate van inspanning kos om gedurig onthaal te word en tussen baie mense te beweeg, want, soos haar bestuurder in Suid-Afrika getuig, is sy lief daarvoor om rustig langs die see te sit of om sommer sulke ente te stap. Sy voel die gelukkigste tussen 'n klein groepie mense, waar sy die voorgrond nooit graag inneem nie, maar van die „Gemuetlichkeit" wat so 'n paar vriende onderling verbind, wil geniet.

Nuuskierig is sy, want van alles nuuts wil sy ondervind en verstaan. So het sy die koeksisters van Stellenbosch so heerlik gevind dat sy na haar konsert met 'n sjokoladedoosvol daarvan huis toe is. 'n Groot rangskikking aronskelke was vir haar baie mooi, en toe sy 'n dame met 'n besondere trui ontmoet, het sy 'n bewonderende aanmerking gemaak en die patroontjie soos 'n ervare tentoonsteller met haar oë afgeskryf.

Volgens haar eie woorde sou sy veel liewer 'n huisie met 'n paar kinders hê as om so rond te reis; maar 'n koleratuursopraan soos sy is daar vandag maar min in die wêreld—sy móet aan die wêreld van haar sang gee.

## Hoe Druk U Dit Uit?

In die vorige foutsin was daar drie anglisismes. Die verbeterde sin lui: „In die besonder **spyt dit ons** dat die veldtog toe nog nie in volle **gang** was nie." Het u al drie „bokke" raakgesien?

Dis jammer dat ons nog steeds van „stadsaal" i.p.v. **stadhuis** praat. En dis wel maklik om voorstelle te **doen**, maar op die duur (nie „lange duur" nie) hang dit dikwels van die toepassing af. Mens mag nie sê „behalwe vir 'n paar toesprake het dit stil toegegaan" nie. Dit kan heet **afgesien van** of „behalwe dat daar 'n paar toesprake was, . . ." Ongelukkig word dit al algemener om te wys op die „uitkoms" van onderhandelinge ens. „Uitkoms" beteken op Afrikaans „redding", „verlossing" en beslis nie „gevolg", soos „outcome" in Engels nie.

Wil mens 'n funksie hou, besluit jy **tot** 'n konsert of vleisbraaiaand (nie „op" nie). En dis **verreweg** (i.p.v. „by verre") beter om tyd te **gebruik** (nie „neem" nie) voordat jy stappe **doen** (weer nie „neem" nie) of selfs 'n belofte **doen**. Ken u die verskil tussen „verwag" en „verlang"? Dalk sal u nou verstaan: Ek **verlang** van jou dat jy my moet help maar ek **verwag** dat jy my sal teleurstel. Op Stellenbosch is **tal** van studente wat **tot** geen vereniging behoort nie — al hul talente en tyd behoort **aan** hulleself.

En nou iets oor die uitspraak: hospitaál, „teelegrám", admissie („mis" soos in „miskien"), aspék, konták, Indië (i.p.v. Iendië), Engeland (i.p.v. Ingeland).

Raak hierdie keer slaags met: „Ons pak voorspelers het onder leiding van X aanval op aanval gemaak."

**WEGWYSER.**

# Oudste Vereniging Raak Weer Lewendig!

**Ja, u was heeltemal reg! Die debatsvereniging is die oudste vereniging op Stellenbosch, en soos dit partykeer gebeur, het daar weer nuwe lewe in die ou liggaam gekom. So lewendig soos die vereniging nou is, was dit seker nie in jare nie. Om hierdie stelling met feite te staaf, is nie moeilik nie. Elke week, vir die res van hierdie jaar, is daar 'n debat, of 'n openbare voorlesing gereël.**

Laas Vrydag was die uitdunne in die Senior Redenaarskompetisie. Boeiende toesprake was aan die orde van die dag, en nadat die uitdunne klaar was, is daar nog gou 'n soort miniatuur debat gehou. Die finale botsing wat op die 26ste deser plaasvind, beloof baie interessant te wees, wanneer die keur van ons Alma Mater se redenaars teen mekaar te staan kom.

Dinsdagaand het prof. J. P. J. van Rensburg 'n lesing oor Aristoteles en die Griekse tragedie gehou. Almal wat daar was, het dit hoogs interessant en leersaam gevind.

Vanaand vind die Junior Redenaarskompetisie in die gebou vir Sosiale Wetenskappe plaas. As u die aand wil geniet, kom maar gerus soontoe. Dit begin om 7.30.

Volgende week, as deel van die Goethe Feesvierings, hou dr. Hoge 'n lesing oor Goethe. Elders in hierdie blad sal u volledige berigte oor die Goethe feeste sien.

### *Vereniging van Ekonomie en Handel*

**Datum:** Dinsdag 30 Augustus 1949 om 7.30 nm.
**Plek:** Gebou vir Sosiale Wetenskappe (Grootsaal)
**Onderwerp:** „Waarheen Europa?" Die toekoms van Kommunisme in Europa.
Spreker: Dr. M. de Langhe.

## Huis-ten-Bosch Biergarten

Huis-ten-Boschers het op Saterdag, 6 Augustus weer hulle jaarlikse Biergarten gehou, maar weens die dreigende onweer moes die funksie na die eetkamer verskuif word. Hiermee is natuurlik baie verwag van die verbeeldingskrag van die aanwesiges, want nie alleen die „Bier" nie, maar ook die „Garten" moes veronderstel word.

Die aand is die informele dans in die Konservatorium gehou waar mnr. Bennie Raubenheimer en sy musikante al die nodige gedoen het om die atmosfeer baie, baie gesellig te maak. En 'n mens kon nie help om op te merk dat dit beslis nie in stryd met die „Duitse" nooientjies se volksaard is om skitterende eksponente van die ritme van die Nuwe Wêreld te wees nie . . .

Ons wil mej. Isabel Hofmeyer, die konvenor, gelukwens met haar bekwame organisasie, waaraan die sukses van die funksie te danke was.

## Huis-Marais En Huis-Visser Hou Saam Huisdans

Dat die ou staatmaker Conservesaal se tyd nog nie uitgedien is as die Maties se dansvloer nie, het geblyk toe Huis-Marais en Huis-Visser op Vrydagaand, 5 Augustus hulle gesamentlike huisdans daar gehou het. 'n Hoge aand, voorwaar.

Smoock se orkes was onverbeterlik.

Saam met die eregaste, mnr. Jannie Krige en mnr. J. Sippel en hulle gesellinne, is ook 'n paar oud-Huis-Marais-ers opgemerk.

In die sagte gloed van gekleurde liggies onder 'n patroon van papier en 'n magdom balonne het die keurige aandrokke van die nooientjies verruklik afgesteek. (Wie sê nog mans kan nie keur of dekoreer nie!) Met blaastyd teen half-elf het die dansers toegesak op die smaaklikste versnapperinge en verversings. Ons opregte waardering vir die vriendelike hulp van mej. Walters en mev. Eksteen sonder wie se genade die hulpelose here beswaarlik soiets sou kon aandurf.

Mnr. Mike Neser en sy reëlingskomitee verdien alle lof vir hulle bekwame organisasie. Weereens 'n genoeglike aand verstreke.

## Fliekkaartjies

Die volgende persone kan Fliekkaartjies kom afhaal by **Tobie de Clercq**, Huis-Marais:

(a) **Maandag, 22 Augustus, tussen 1 nm. en 2 nm.**

Mejj. Sebella du Toit, Igna Esmeyer, M. Heunis, L. Kruger, M. V. Liebenberg, M. M. Loots, M. W. Malherbe, E. Martinsens. Mnre. A. J. Ackermann, C. W. B. Armstrong, D. T. Bergh, M. Cohen, W. H. de Vos, M. B. Georgala, F. E. M. Gillham, H. G. Greeff.

(b) **Maandag, 29 Augustus, tussen 1 nm. en 2 nm.**

Mejj. A. Myburgh, A. Nepgen, M. M. Nieuwoudt, A. R. Perold. Mnre. J. Myburgh, A. D. Nieuwoudt, J. C. du P. Nortje, C. F. Petzer, A. F. Kriel, A. Kritzinger, H. D. Metcalf, J. J. Moolman, B. R. Tarr, W. S. Aldermann, I. C. Pretorius, V. de V. Murray.

# DIE DRAMAKLUB: U.S.

**Op Dinsdagaand 2 Augustus het die Dramaklub hulle eerste vergadering in Afrikaans gehou. Die bestuur was gelukkig genoeg om een van ons jong dramaturge in vording, nl. mnr. W. A. de Klerk, as spreker te kry.**

Hy het dan ook gepraat oor die Drama in die algemeen met besondere klem op die drama in Afrikaans. Sy uitgangspunte was: Die Dramaturg en sy medium, die Dramaturg as vakman en die Dramaturg as denker.

Die medium van die dramaturg is die lewende toneel. Hoe beter opvoerbaar en dikwels hoe nakliker opvoerbaar des te meer word die drama as 'n goeie stuk aanbeveel. Die dramaturg is dus verplig om die regisseur en die akteur in aanmerking te neem. Die dramaturg mag egter nie die slaaf van sy medium word nie maar eerder die toneel gebruik om die drama te dien.

Die dramaturg moet ook meester van sy vak wees. Hy het nie vierhonderd bladsye tot sy beskikking om handelinge uit te rek en karakters te vertolk nie, maar elke woord en handeling moet onmisbaar wees. Soos Shaw gesê het: „My method is to take the utmost trouble to find the right thing to say, and then to say it with the utmost levity." Hy het ook nie 'n plaas of 'n stad nie maar moet die plaas op 'n klein verhogie bring. Hy moet dus die verhoog en daaraan verbonde middels deeglik ken en weet wat moontlik is en wat nie. So kan die vermakende vakman die skrywer uitskakel. Aangesien die betalende massas niks meer as goeie vakmanskap verkies nie gebeur bogenoemde baie maklik. Dit is die weë van „Broadway". Gelukkig het die kommersiële toneel nog nie veel plek vir die holte van sy voet in Suid-Afrika gekry nie.

Die dramaturg as skrywer en denker moet die belangrikste bly. Tjekov het eenkeer aan 'n mededramaturg gesê: „Totdat die skrywer die vakman in jou oorwin het, sal ek jou vervolg." Die dramaturg moet denker en literator wees en nie bloot vermaker nie. Hiervoor is die tragiek die vorm van uiting. Omdat dit so moeilik is om te sê wat tragedie werklik is, is dit baie moeilik om 'n goeie tragedie te skrywe. Tenspyte hiervan moet die dramaturg egter in staat wees om 'n geheel van idees te giet in 'n vorm wat boeiend genoeg is om 'n gehoor te vervoer en sonder hulle medewete te stig.

Mnr. de Klerk het ook gevra wat met die drama in Suid-Afrika skort en geantwoord dat daar 'n gebrek is aan 'n lewende, gevoelige toneel; aan opregte belangstelling by die volk, aan samewerking deur die pers en aan entoesiasme by moontlike spelers, sowel as aan teaters. Hy het darem dié vertroostende woorde uitgespreek: „Ons het die stof vir drama, nl. 'n soepele taal en 'n dramatiese land met 'n veelbewoë geskiedenis waarin die wese van tragiek opgesluit lê."

Na die lesing van mnr. De Klerk het die voorsitter van die V.S.R. die beker, wat op die onlangse interuniversitêre toneelfees deur 'n toneelgroep onder beskerming van die Dramaklub verower is, aan die voorsitter oorhandig. Die voorsitter van die V.S.R. het dan ook 'n Klein Teater bo-op die Langenhovensaal belowe. Ai hoe gelukkig gaan ons kinders nie wees nie!

P. L.

# BAARDDRAERS VAN STELLENBOSCH

Op 'n luimige vergadering in die Uitspan-Koffiehuis op Woensdagaand 3 Augustus is deur die baarddraers van Stellenbosch besluit om 'n vereniging van hul eie te stig. Die vergadering is geopen deur mnr. Bennie Buys met skriflesing en gebed volgens die Voortrekkertradisie. Die hoofsprekers was dr. G. Cillie, snr. en dr. De Wet beter bekend as Oom Danie.

Na beraadslaging is besluit dat die vereniging bekend sal wees as die Stellenbosse Baarddraers-vereniging. Hierop het drs. De wet en Cillie met die vergadering die doel van die vereniging bespreek. Daar is besluit dat die pasgekose bestuur 'n konsep-konstitusie sal indien by die volgende vergadering. Vergaderings word op die 1ste Woensdag van elke maand gehou.

Daar word verwag dat die ledetal binnekort die 200-kerf sal bereik. Alle baarddraers en aspirant baarddraers word vriendelik uitgenooi om lid te word van die Vereniging (geen subskripsie!). Name kan by neef Pieter Hough, Huis-Marais of neef Bennie Buys (langs Arcadia-losieshuis) ingehandig word.

Die volgende lede is gekies om op die bestuur te dien:

Voorsitter: Dr. G. Cillié, snr.; vise-voorsitter: Oom Japie Krynauw; sekretaris: Mnr. Bennie Buys; hulp-sekretaris: Mnr. Pieter Hough; addisionele lid: Mnr. A. du Randt.


*DAMES EN HERE!*

- *VIR DEFTIGE DAMES-ROKKE GAAN NA* **MEV. GRAUPNER**
- *Vir MANSKLERE wat mooier, beter en geriefliker gemaak word, gaan na*

**F. R. GRAUPNER**
Stellenbosse Meester Kleremaker
PLEINSTRAAT FOON 749
STELLENBOSCH

**COLIN LOCKLEY**
**EN KIE.**
PLEINSTRAAT
STELLENBOSCH

*Spesialiteite in* **VERGROTINGS, KLEUR- EN ALLE BUITEFOTOGRAFIE**

VIR KLAVIERE, MUSIEK, MUSIEKINSTRUMENTE IN DIE ALGEMEEN, MUSIKALE BENODIGDHEDE
BESOEK OF SKRYF: *Afsonderlike afdeling vir* BESTE WAPENS, PATRONE *en Jag-artikels in die algemeen*
**R. MÜLLER'S** MUSIEKHANDEL Pleinstraat, STELLENBOSCH.




# DIE MATIE

**REDAKSIE**

REDAKTEUR: Mnr. Jan le Roux (Helderberg).
ALGEMENE SEKRETARIS: Mnr. C. F. Kruger (Huis-Visser).
TESOURIER: Mnr. P. Fouché (Helderberg).
ADVERTENSIEBESTUURDERS: Mnre. Attie Theron (P.S.O.) en Jan Viljoen (Huis-Visser).
SIRKULASIEBESTUURDER: Mnr. A. Ackermann (Helderberg).
SOSIAAL: Mejj. W. Schumann (P.S.O.) en A. Scribante (Sonop), en mnr. Willie Knouwds (Helderberg).
SPORT: Mnr. James Verwey (Dagbreek).
FOTOGRAFIE: Mnr. K. Veary (Helderberg).

STELLENBOSCH, VRYDAG, 19 AUGUSTUS 1949


# VIVE LA KRITIEK

Die hoofartikel in die vorige uitgawe van DIE MATIE het reaksie uitgelok, soos blyk uit die twee briewe wat in hierdie uitgawe verskyn. Hierop sou ons graag wou antwoord al sou dit 'n antwoord wees wat mank gaan aan **onordentlike joernalistiek** of **'n powere taalgebruik**, al dan nie; dog „eerbied en respek vir 'n ander se standpunt" sal ons graag wil handhaaf.

Eerstens gaan ons van die veronderstelling uit dat die korrespondente die A.S.B.-kongres gereeld bygewoon het en dus heeltemal op hoogte van sake is oor wat daar bespreek is.

Geagte korrespondent, u vra „wat op aarde Egipte met apartheid uit te waai het." Wel, presies! Onthou, dit is nie iets wat ons verslaggewer uit sy duim gesuig het nie; dit is eenvoudig wat die referent oor „Die Bybel en Apartheid" geantwoord het op 'n vraag aan hom gestel. Is dit dan 'n „opsetlik-verwarde berig," of sou ons liewer sê dat dit 'n **verwarde kritikus** is. Dit sou veel beter wees om eers die ***notule asook*** die verskillende referate deur te lees alvorens so 'n aanmerking gemaak word.

## DIE KERN VAN DIE PROBLEEM

Wat „Naturelle en Nie-Blankes aan Gemengde Universiteite" betref wil ons weereens dit beklemtoon dat ons nie die **huidige oorgangstadium** kan negeer nie, want dit is juis die kern van die apartheidsprobleem, veral wat die gemengde universiteite betref. Wat staan ons te doen solank die naturelle en nie-blanke studente nog nie 'n heenkome het nie. Dit is heeltemal goed en wel dat aparte fasiliteite ingestel word, maar onthou moet word dat dit nie iets is wat oornag kan geskied nie. Alvorens hierdie aparte fasiliteite nie dieselfde voordele en geleenthede aan die naturelle en nie-blanke studente bied as wat hulle op die huidige stadium geniet níe, mag die akademiese voorregte hulle nie misgun word nie. Om uit ons vorige hoofartikel aan te haal sou dit sekerlik meer oordeelkundig wees „om die opgevoede naturel aan die kant van die welmenende blanke te kry, in plaas van hom in die arms van die Kommunis te jaag." Al is dit 'n persoonlike mening, word dit darem gesteun deur die verklaring van professor Van Eeden wat sekerlik 'n outoriteit is wat 'n nugtere beskouing oor hierdie saak daarop na hou.

## WAAROM POLITIEK INSLEEP?

Ons kritikus sê dat dit veral deur die „Noorde" en „die Demokratiese Noordelike stem" (soos deur DIE MATIE beskryf) is dat 'n apartheidsregering verlede jaar 'n gelykstellingsregering vervang het. Wie kon nou ooit dink dat die vorige regering 'n gelykstellingsregering was! Sekerlik iets nuuts vir menigeen. Maar „ad rem". Politiek is juis die element wat uit hierdie probleem gelaat moet word. Ons moet die kwessie as 'n volk oplos in die sin dat ons Suid-Afrikaanse burgers is en **nie Engelse en Afrikaners**, of omdat ons aan dié of daardie politieke party behoort nie.

## N.U.S.A.S.

Ten opsigte van die erkenning van N.U.S.A.S. aan A.S.B.-geaffilieerde universiteite, het DIE MATIE die voorstel, op die A.S.B.-kongres, dat hierdie saak in komitee bespreek sal word as 'n Demokratiese Noordelike stem bestempel. Al sou ons kritici dit as „smalende" of „sarkastiese" verwysings beskou, dan is dit nogtans baie **raak gesê**, want terwyl daar 'n buitengewone aantal belangstellendes (ingeslote 'n groot getal U.K.-studente wat spesiaal daarvoor gekom het), aanwesig was, om juis hierdie bespreking aan te hoor, word 'n voorstel aangeneem dat die bespreking in komitee sal geskied.

Ons ander kritikus beweer dat Stellenbosch hom heftig verset het teen 'n mosie wat die strengste afkeuring uitspreek teenoor die toestande aan gemengde universiteite, en waarin die regering versoek word om **onmiddellik** maatreëls

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

te tref wat die deurmekaarboerdery van blank en nie-blank sal beëindig.

Stellenbosch het sekerlik nog nooit 'n mosie teengegaan wat die strengste afkeuring uitspreek teenoor die toestande aan gemengde universiteite nie. Ons afgevaardigdes het nog nooit te velde getrek teen apartheid nie. Sekerlik nie, maar sommige het net 'n nugtiger beskouing oor die toepassing daarvan in die praktyk. Verduideliking is onnodig want die notule van die A.S.B.-kongres sal ons korrespondent sekerlik die nodige inligting gee.

Die kwessie van **onmiddellik** maatreëls tref, het ons reeds bespreek. Dit is prakties onmoontlik om **onmiddellik** die fasiliteite aan nie-blanke studente te gee wat gelyk staan aan dié wat hulle op hierdie stadium geniet. Tot tyd en wyl hierdie genoegsame fasiliteite nie daargestel is nie, moet ons eenvoudig oordeelkundig wees en die naturel se vertroue wen anders sal ons apartheidsideaal nooit verwesenlik word nie.

Ons hoop u verstaan ons vorige hoofartikel nou beter. As ons ons dan weer skuldig maak aan onordentlike joernalistiek dan sal 'n artikel oor ordentlike joernalistiek baie welkom wees.

### Geen Persoonlike Opinie

Ons kritikus vermaan DIE MATIE om nie toe te laat dat 'n bloot persoonlike opinie in die berigte en hoofartikels weergee word nie.

Watter opinie is dan nie persoonlik nie?

Ons probeer sekerlik om die beleid van die Stellenboschse studente - gemeenskap altyd voorrang te gee; maar wat is Stellenbosch, of die S.V.R., of ons afgevaardigdes se beleid dan ten opsigte van hierdie probleem? Definitief nie duidelik nie; nog minder eenvormig!




# „DIE MATIE" WORD GEKRITISEER

Waarde Heer,

Ek protesteer ten sterkste teen die verdraaide en partydige beriggewing van die A.S.B.-kongres, soos dit op 5 deser in u blad verskyn het. Die persoon wat daardie berig geskryf het, het eerstens min benul van ordentlike joernalistiek, tweedens 'n powere taalgebruik en laastens ontbreek daar by hom „een van die grondliggende elemente van opvoeding" wat hyself so mooi in die tweede hoofartikel noem „eerbied en respek vir 'n ander se standpunt". (Aan sekere eienaardige taalfoute wat „sig" herhaal en 'n sekere retoriese skryfwyse, merk 'n mens dat die opsteller van die verslag ook die hele eerste hoofartikel en 'n deel van die tweede geskryf het).

Die heer skryf o.a.: „Die referent oor ,Die Bybel en Apartheid' het geantwoord dat hy hulle sou wou sien as 'n staat soos Egipte." — Is dit nou 'n berig? Wat op dees aarde het Egipte met Apartheid uit te waai? Dis 'n onduidelike, opsetlik-verwarde berig. En dan druk u dit in vet letters!

Dan die berig oor „Naturelle en Nie-Blankes aan Gemengde Universiteite". In sy volle lengte word die heer De Kock se voorstel gepubliseer (16 reëls). En dan net: „'n Teenvoorstel vanuit die ,Noorde'. is egter aangeneem: Aparte fasiliteite moet onmiddellik ingestel word aan die betrokke universiteite, d.w.s. aparte lesings". Dis al — net 6 reëls. Skrywer hiervan was by dié geleentheid teenwoordig en die „Noorde" se voorstel het beslis baie meer as net „aparte lesings" om die lyf gehad.

Betreurenswaardig is die sarkastiese verwysings na die „Noorde" en „die Demokratiese Noordelike stem." So tussen hakies, dis veral deur die veragte „Noorde" en „die Demokratiese Noordelike stem" dat 'n Apartheidsregering verlede jaar 'n Gelykstellingsregering vervang het). Hierdie verslag en hoofartikels is betreurenswaardig omdat dit die kiem lê van 'n verbrokkeling in die A.S.B.-geledere; dit getuig nie van eerlike vriendelike meningsverskil nie, eerder van persoonlike antipatie en gebrek aan „eerbied en respek vir 'n ander se standpunt", soos u verslaggewer dit so mooi stel. As so 'n gees van wantroue in Stellenbosch jeens die A.S.B. heers, moet ons liewer die A.S.B. verlaat.

Dan kan NUSAS hierheen genooi word. Volgens die hoofartikel lyk dit of die vernaamste argumente ten gunste van NUSAS-toelating is dat die „onus op die NUSAS-geaffilieerde universiteite" gelê moet word „om erkenning aan A.S.B. te weier", en verder „om sy opponent in die openbaar te beveg"—bra negatiewe argumente!

Meneer Redakteur, u moet tog versigtig wees om nie toe te laat dat 'n bloot persoonlike opinie (van wie ook al) in u berigte en ook in u hoofartikels weergegee word asof dit die blad se beleid en Stellenbosch se houding is nie.

DANIE VAN NIEKERK.

(Sien ons Hoofartikel)

(Vervolg op bladsy 4)


**HEPWORTHS BPK.**
PLEINSTRAAT
*Mans- en Seunsuitrusters*

**BINNEHUIS**
HOEK VAN BIRDSTRAAT EN DORPSTRAAT
STELLENBOSCH (EDS. BPK.)
GLASWERK * ERDEWERK
DELFT SE BLOU * MEUBELS
GORDYN-MATERIAAL

'N GROOT VERSKEIDENHEID
**LEERGOEDERE**
OM VAN UIT TE SOEK
• Beursies • Horlosiebande
• Notetassies • Damesbandsakke
• Musiektasse • Dokumenttasse
*ens., ens.*
*BY DIE*
UNIVERSITEITSUITGEWERS EN -BOEKHANDELAARS (EDMS.) BPK.
Pleinstraat,
STELLENBOSCH



*Sekerlik, Meneer!*

*Ons sal dit onmiddellik aflewer! Van der Stel's vir diens! Ons is goed voorsien van Suid-Afrikaanse en ingevoerde wyne, spiritualieë, moutdranke, likeurs en bruisdranke. En as u besondere bestelling nie voorradig is nie, sal ons ons bes doen om dit vir u in die hande te kry—gou-gou. Maak 'n nota van ons telefoonnommer. Dis 94. Tot siens, meneer!*

VAN DER STEL-DRANKWINKEL
TELEFOON 94 - STELLENBOSCH

## Korrespondensie

(Vervolg van bladsy 3)

Waarde Heer,

Net 'n paar woorde na aanleiding van die swak indruk wat Stellenbosch se afvaardiging op die onlangse A.S.B.-kongres oor Apartheid op meer as een belangstellende gemaak het, en oor die pogings van die betrokke persone om hul negatiewe houding te regverdig in die vorige uitgawe van „Die Matie."

Dit is baie jammer dat ons as lewenskragtige groep Afrikanerstudente, wat aan die spits van die stryd vir die behou van ons blanke nasieskap behoort te staan, toegelaat het dat ons belange behartig word deur persone met semi-liberale opvattings. **Stel uself voor dat Stellenbosch hom heftig verset teen 'n mosie wat die strengste afkeuring uitspreek teenoor die toestande aan gemengde universiteite,** en waarin die regering versoek word om onmiddellik maatreëls te tref wat die deurmekaarboerdery van blank en nie-blank sal beëindig! In plaas van die mosie te steun, **lê Stellenbosch hom neer** by die bestaande onsmaaklike toestande, en vra alleen dat die regering sy strewe om aparte universiteite vir nie-blankes te stig moet uitvoer. 'n Pap, neutrale houding — en dit nadat apartheid twee dae lank bepleit is, ook deur Stellenbosch se referente.

Dit is onsin om die instelling van aparte klasse as verkleinering van nie-blankes te bestempel, soos „Die Matie" in sy hoofartikel doen.

Verder spreek Stellenbosch hom uit **ten gunste** daarvan dat N.U.S.A.S. aan ons Afrikaanse universiteite erken word, mits Kaapstad en Wits erkenning aan A.S.B. verleen. Al die argumente ten gunste hiervan berus op sg. etiese gronde. Om konsekwent te wees sou dit beteken dat ons N.U.S.A.S. (wat geen kleurskeidslyn handhaaf nie) hier moet toelaat, en dan wag om te sien of hulle hul oor ons gaan ontferm in hul gebiede. Dit is tyd dat sulke „taktiekery" (met die doel om te sien of ons opponente netso grootmoedig is soos ons) laat vaar word. **Die enigste manier om 'n suksesvolle stryd te stry en respek van jou opponent af te dwing, is deur 'n sterk standpunt te handhaaf en geen kompromisse aan te gaan nie.** Daar bestaan geen kompromis tussen die beleid van apartheid en nie-apartheid nie.

Ons wil dit baie duidelik stel dat N.U.S.A.S., of enige liggaam wat hom teen maatskaplike apartheid skaar, geen plek op Stellenbosch of in enige Afrikaner-kring gegun **mag** word nie, afgesien van wat die beginsels is waarvoor ons as teenstanders respek moet hê.

Dit sê ons ook afgesien van 'n minister se veroordeling van N.U.S.A.S. en afgesien van die buitewêreld se mening — maar omdat dit 'n diepgewortelde besef by ons is dat hierdie kwessie die voortbestaan van ons as blanke volk raak. Waar die universiteite die voorpunte van ons beskawing is, **moet** ons sorg dat die rigting wat ons inslaan suiwer is.

Menige besoeker het op die laaste dag van die kongres 'n sug van verligting geslaak toe die voorstelle van die Stellenboschse afvaardiging nie aangeneem is nie. Dit is uitsluitlik aan die „Noorde" (waarna u verslagskrywer so smalend verwys) te danke dat die A.S.B. enigsins sy naam kon red. Dit is net jammer dat die kolomme van „Die Matie" gebruik kon word om die gegriefdheid van die betrokke persone te lug, o.a. deur onnodige prominensie te verleen aan 'n paar ongelukkige uitlatings van sommige referente.

**W. J. VERWOERD.**

(Sien ons Hoofartikel)

## DIE MERCURY

Waarde Heer,

Weer en weer hoor ons die gepiep van 'n paar A-Mercury voorstanders, en hoe seer maak dit nie 'n goeie saak en iemand wat graag 'n ontspanningsaal vir die studente wil, om sulke afbrekende kritiek te hoor nie.

As hierdie persone dan nie tevrede is met die S.V.R. se metode nie en hulle vir luiheid uitskel, hoekom sorg hulle nie dat hulle self op die S.V.R. kom nie? en dinge dan op 'n „eerlike en flukse" manier organiseer nie. Baie van hierdie persone het nog nie 'n halfkroon vir die Gedenksaal gegee nie. Of het hulle al ooit 'n oorspronklike idee — behalwe 'n bedellys — aan die hand gegee hoe om die saal daar te kry?

Hulle is skynbaar bang dat iemand die motor vir 'n halfkroon sal kry — is dit nie maar net omdat hulle bang is dat hulle hom nie vir 'n halfkroon **sal** kry nie?

Dit sou dan onchristelik wees, maar hoekom trek ons kerk nie daarteen te velde nie, is dit omdat dit nie onchristelik is om op basare koeke uit te loof nie.

'n Mens wonder of een van hierdie „kritici" al met 'n kollektelys vir die saal rondgegaan het en gehoor het wat die mense se besware is waarom hulle dink dat dit nie nodig is om te gee nie. As hulle 'n kind hier het is die onkoste te hoog, en as hulle nie hier een het nie sien hulle nie die nodigheid daarvan om te gee nie.

Nee hoe jammer tog dat daar persone is wat hulle name in die „limelight" wil hê, al is dit dan ten koste van hulle neuse wat hulle eie aangesig skend.

**D. d. T.**

## TOUSTANERY

Waarde Heer,

Ek wil graag net 'n paar woorde sê i.v.m. die welbekende toutoustanery op Stellenbosch. Met die afgelope toustanery op Maandag 8 Augustus vir die konsert van Erna Sack het die skaamteloosheid van die Stellenbosch se studente en publiek hoogty gevier, bv. 'n student sit van 8-uur vm. in die tou; om halfdrie gaan die kantoor oop en hul beweeg vorentoe. Om half-vyf kom 'n student na die meisie net voor genoemde student en vra haar om vir hom kaartjies te koop. Sy willig in — wat natuurlik onregverdig is. Om 10 oor 5 kry die student haar kaartjies, wat feitlik die laaste was en sitplekke heel agter in die saal.

So het baie persone voor die „toustaners" ingedruk wat hul hele dag opgeoffer het en toe sonder kaartjies moes huistoe gaan, terwyl ander ingedruk het die laaste minuut en kaartjies gekry het.

Wat anders het gebeur as indrukkery wanneer 'n tou waarin 'n persoon wat 50ste gestaan het van 2.30 tot 5.10 d.w.s. 2 uur en 40 minute neem om sy beurt te kry?

Wat die publiek betref, wel, hul mag hul name op 'n lys plaas (die vorige aand) — en wie het van dié lys geweet? Net 'n paar mense, terwyl dit nie aan die **publiek** bekend gemaak is nie!

Baie van die publiek plaas hul name op 'n lys, en kry hul plekke, terwyl die student staan van 8 vm.—5 nm. Hul offer hul klasse op, hul etes en die son!! — ja, en hul moet omdraai en huistoe gaan sonder kaartjies, of miskien plekke wat heel agter in die saal is, waar nie so goed gehoor kan word nie!

Om hierdie onregverdigheid te voorkom sal in die vervolg opgetree moet word en tenminste beter reëlings getref word, soos bv. met Intervarsity.

**L. K.**

## P.S.O.-DAMES NODIG

Waarde Heer,

Aangesien P.S.O. só oorgeorganiseerd is sodat geen organisasie meer gesag het nie, wil ek tog langs hierdie weg 'n poging aanwend om P.S.O. se medewerking te vra.

Soos u miskien weet, wil P.S.O. weer vanjaar in samewerking met Monica, L'Avenir en Huis-Visser 'n koor vir die Sangfees stoot. Ongelukkig is die aantal dames wat tot hierdie koor se beskikking is te min om 'n goedgebalanseerde koor te vorm—selfs die manstemme voel dat die aantal dames te min is!?

P.S.O. beskik egter oor baie dames en mans wat privaat loseer en wat miskien nie die vrymoedigheid het om ongenooid by die koor te kom aansluit nie. Beskeidenheid is 'n deug, maar kan 'n vyeblaar vir pligsversuiming word!

Ek wil dan die ganse P.S.O., maar veral dames, uitnooi om so gou moontlik te kom aansluit. Die volle koor oefen Woensdae-aande om 9.15 nm. in Monica se teekamer.

Die afsonderlike damestemme oefen Maandae-aande 8.30 n.m. en die mans (vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom) Dinsdae-aande 9.15 nm. op dieselfde plek.

U ondersteuning en medewerking is onontbeerlik.

E. Marais

# BEPEINSING

**Habakuk 3: 17 en 18.**

*'n Duitse student het onlangs bely, nadat hy verhaal het hoedat hy sy huis, sy ouers, alles wat vir hom dierbaar was, deur die oorlog verloor het, dat hy vir dit alles dankbaar is teenoor God: „Want wat het ons wat ons nie uit sy Hand ontvang het nie."*

*Dit is beslis maklik om jou geloof en vertroue te behou wanneer alles voor die wind gaan. Dit is so maklik om uit te roep dat God Liefde is terwyl ons daarmee bedoel dat Hy ons lotgevalle beskik net soos ONS dit graag wou gehad het.*

*Het ons al ooit aan die moontlikheid gedink dat daar eers dan van geloof en dankbaarheid sprake is wanneer God SY wil laat geskied, afgesien daarvan of dit ons tot voordeel strek of nie?*

*Ons wat so maklik mismoedig kan raak en klae—sal ons nie leer om dankbaar te wees ook en veral vir die donker weg nie—wetende dat dit die wil van God is?*

## A.S.B. HOOFBESTUURS-VERGADERING

Mnre. Tobie de Clercq en Tjoks de Vos sal Stellenbosch verteenwoordig op die A.S.B.-Hoofbestuursvergadering wat op 26 Augustus te Potchefstroom sal plaasvind.

## S.V.R.-Verkiesing Van Ikeys

Die studente van die Universiteit van Kaapstad hou 'n S.V.R.-verkiesing die eerste week in September. Die nuwe raad sal vergroot word tot 'n ledetal van vyftien.

### GEEN VERSPREIDING VAN PAMFLETTE

In die verlede was dit altyd 'n gebruik om deur middel van pamflette propaganda te maak vir die verskillende kandidate. Hierdeur het hulle dus getrag om die verskillende genomineerdes se bekwaamheid en goeie hoedanigheid aan die studente mee te deel. Hierdie gebruik is nou verbied en vervolgens sal daar geen verspreiding van pamflette as propaganda-veldtog toegelaat word nie.

## Dames Van Monica Hou Dinee

**'n Gesellige atmosfeer het verlede Dinsdagaand in Monica se eetsaal geheers toe die jaarlikse huisdinee gehou is. Daar was merkbare benoudheid te bespeur onder die gaste, toe hulle Sprokiesland deur die mond van 'n pampoenspook moes binnetree.**

Binne in die saal het die onrus egter gou verdwyn onder kalmerende invloed van flikkerende kerse, waar die ouvrou in die skoen met haar waslyn en baie kinders vir menige heer as inspirasie gedien het.

Vir beide Dr. Gawie Cillié en Dr. A. B. van der Merwe, wat as eregaste teenwoordig was, was dit 'n aangename taak om die ouvrou herhaaldelik te verseker dat hul, na die tydelike, wel deeglik goedversorg is.

Juffr. Baby van Zyl en Laura Haddad het met kort toesprake die gaste baie gou tuis laat voel. Na afloop van die dinee het die dineegangers die sanguitvoering van Erna Sack bygewoon en daarna teruggekeer om warm koffie en soutigheidjies te geniet. Mnr. Tjoks de Vos het, as ervare huisvader namens die gaste 'n kort woordjie van dank aan die dames van Monica berig en so het 'n genotvolle aand geëindig.

Die suksesvolle afloop van die dinee was te danke aan die bekwame organisasievermoë van Mejj. Baby van Zyl (konvenor), Magretha Liebenberg, Marie Cronje, Hanna Poggenpoel, Petra la Grange en Ansie Gronum.

## Harmonie Huisdinee

**Die aand van 9 Augustus sal die Harmoniete en diegene wat so gelukkig was om hul metgeselle te wees, seker nie gou vergeet nie. Harmonie het nl. hul huisdinee gehou en dit was sommer dié dinee van alle dinees!**

Sommer vanaf die staanspoor kon 'n mens verwag dat die aand nog baie aangename dinge sou oplewer. Die dames het daar almal so aantreklik uitgesien in hul mooi kleurvolle tabberds en die here het baie goed hierop gereageer en was net die ene hoflikheid en vriendelikheid. Die kleurvolle rangskikkings van geel affodille en wit aronskelke het 'n baie gesellige atmosfeer geskep en almal het dadelik tuis gevoel.

Die eetsaal het heeltemal 'n feestelike stemming gehad waartoe die bloedrooi angeliere en poinsettias op die netjiese tafels en die oorspronklike sketse op die mure baie bygedra het. Die voorstelling op die mure van Pan met sy fluit, dansende ballerinas, klaviere en basviole met die dirigent ook daarby het die gaste in die regte stemming vir die konsert daarna gebring.

Die voorstelling van die aand „Wine, Women and Song" het dan ook 'n baie goeie keuse geblyk. Die primaria, Denise Ferreira het die gaste almal verwelkom en gesê dat aangesien elke heer 'n aantreklike dame langs hom het en ons die konsert van Erna Sack in vooruitsig het, dr. Kempen wat saam met mev. Kempen die dinee as eregas bygewoon het, die heildronk op die dames sou instel. In sy „ernstige" toespraak was hy baie komplimentêr teenoor die dames deur te sê dat dinees teenwoordig gehou word sodat die mans 'n kans kry om te verfyn.

Die ete het gesellig verloop en dr. Erika Theron wat vergesel was van dr. Con de Villiers, het die vrolike stemming wat daar geheers het baie verhoog deur al die staaltjies van die lewe in Soete Inval. Sy het die heildronk op die here ingestel en ons moet haar komplimenteer met haar kennis van die mans hetsy van die verlede of vandag.

Na die smaaklike ete het ons almal die geleentheid gehad om na Erna Sack se konsert te gaan.

Terug vir die „boeretroos" (koffie) het dr. Con de Villiers die Harmoniete bedank vir die aangename aand. Almal was eintlik 'n bietjie traag om huistoe te gaan.

Ons wil ons konvenor, Denise Ferreira en die Dinee-komitee baie gelukwens met die geslaagde funksie.

Besoek die
GOOD HOPE KAFEE
(Onder Nuwe Bestuur)
Probeer ons Spesiale Geregte van Roomys sowel as Maaltye

SENITZKY'S FURNITURE STORE
ANDRINGASTRAAT
STELLENBOSCH
Die Toonaangewende Meubelwinkel in die Distrik

DAZELLE'S
HAARSALON
Andringastraat - Foon 58
PERMANENTE KARTELING 'N SPESIALITEIT

GEBRS. HENDRIKSZ
Die Afrikaanse Slagter
Vir enige Vleis en Boerwors. Ook Tuisgemaakte Polonie.
Andringastraat - Foon 198

H. VILJOEN
Pleinstraat — Stellenbosch
vir
FIETSE, RADIO'S, ELEKTRIESE GLOEILAMPIES EN BENODIGDHEDE — STOWE, WASMASJIENE, ENS.

# Sport-nuus

## STELLENBOSCH I vs. IKEYS I

**Stellenbosch was Saterdag in 'n geleentheid om hulle teen Ikeys te wreek vir die twee neerlae wat hulle ons die seisoen toegedien het. As gevolg van vuur en ywer waarmee hulle die spel aangepak het, het die Maties reeds rustyd met 11—0 voorgeloop en elke toeskouer was toe reeds daarvan oortuig dat slegs 'n wonderwerk die Maties van 'n oorwinning kon beroof. Die wedstryd het egter weer bewys daarvan gelewer net soos met Intervarsity dat 'n wedstryd nie beslis is voordat die eindfluitjie geblaas het nie.**

Na rustyd het die Ikeys trapsgewyse hulle agterstand verminder om op die einde die oorwinningspunte aan te teken en daarmee vir hulle nog twee waardevolle punte op die puntelys by te voeg.

Stellenbosch het op die Ikeys se 25 gehaak en toe Bredell die bal ontvang, het die Ikeys gemeen dat dit 'n aanslaan was en gaan stilstaan. Bredell het die bal vinnig vorentoe geskop en Van der Spuy het vinnig opgevolg, dit opgeraap en weer vir Bredell gegee wat vir Watson oorgestuur het. Die vervyfskop het misluk 3—0. Die Matie voorspelers het op hierdie stadium 'n bars gespeel en veral Moolman was telkens aan die punt van gevaarlike dribbellope.

*Kort na die* eerste punte aangeteken is, het Coetzee die verdediging geflous, pragtig gebreek en aan Van der Spuy gegee wat weer vir Watson in staat gestel het om die beweging met 'n pragtige drie af te rond. Nortjé het geen fout met die vervyfskop begaan nie 8—0.

Daarna het Moolman die Maties se voorsprong nog verder vergroot toe hy die bal uit Du Plessis se hande gryp en oor die doellyn duik 11—0. Met hierdie baie voordelige voorsprong het die spanne gaan blaas.

Hierdie voorsprong moes onbewus die Maties gerus gemaak het en die Ikeys in staat gestel het om stadig maar seker die agterstand in te haal.

Kort na die hervatting, het Ikeys se losskakel Du Plessis, wat Fry se plek geen oneer aangedoen het nie, sy span se eerste drie aangeteken. Daarna het hy weer om die steelkant gebreek en 'n kort skoppie in die doelgrond gelos. Watermeyer was by om die bal toe te val 11—6.

En weereens was dit Du Plessis toe hy weer breek en vir Butler oorstuur om die telling 11—9 te maak. Die Ikeys het nou alles in hulle vermoë uitgehaal om die oorwinning te behaal en hulle ywer is bekroon toe Du Plessis weer breek en vir Butler wegstuur om sy tweede drie aan te teken en die eindtelling op 12—11 te plaas. Daarmee het die Ikeys hulle derde oorwinning vir die seisoen oor Stellenbosch behaal.

## ERE-KLEURE TOEGEKEN

Op 'n vergadering van die Sentrale Kleurekomitee gehou op Maandag 20 Junie, is besluit om die volgende persone by die Studenteraad aan te beveel vir onderskeidingskleure.

**ATLETIEK**

**Volkleur:** M. Desiprés, J. van der Merwe, H. J. Kruger.
**Halfkleur:** D. Brown

**BOFBAL**

**Volkleur:** T. Barry
**Halfkleur:** J. Goosen

**SWEM**

**Volkleur;** G. Silberbauer
**Halfkleur:** E. Verster (Mej.)

**KRIEKET**

**Volkleur:** R. Rudd

Hierdie aanbevelings is almal bekragtig deur die Studenteraad.

## Stellenbosch II vs. Tuine II

Die Maties se tweede span was Saterdag op Nuweland B verantwoordelik vir baie mooi voetbal en het hulle oorwinning van 15—9 oor Tuine ten volle geniet. Deurgaans het hulle getoon dat hulle besiel was met 'n oorwinningsgees en ofskoon hulle aan die begin van die wedstryd 'n rukkie swaar gelewe het, het hulle gou beheer oor die spel gekry.

Tuine was die eerste om punte aan te teken en was spoedig 6—0 voor. Skielik het Van Niekerk mooi gebreek en vir Schreuder weggestuur om 'n mooi drie aan te teken 6—5.

Onder die voorspelers het veral Terblanche uitgeblink en Joubert het mooi in die lynstane vertoon. Onder die Matieagterspelers het veral Van Niekerk uitgeblink. Na rustyd het Terblanche en Serfontein e'k weer 'n drie aangeteken wat beide deur Van Niekerk vervyf is om daarmee die telling op 15—6 te plaas. Tuine het egter op die einde weer 'n laat-lammetjie gekry toe Roeloffse vir 'n drie oorval. Die eindfluitjie het die spelers van die veld af geroep met die telling 15—9 in die Maties se guns.

## MATIES TEEN SUIDWES

**Jan Tromp, die Suidwessenter, verloor hier die bal, nadat sy agterlyn feitlik deurgebreek het. Op die foto kan van links na regs gesien word: Wiks Tromp (senter), Tjoks de Vos, (wat vir die Maties heelagter gespeel het), Jan Tromp (op die grond), M. Kamfer (vleuel), Joubert en Viljoen. Dit is een van die toneeltjies in die onlangse wedstryd tussen Suidwes en Stellenbosch.**

FOTO: „Die Suidwester."



## ONS TWEE SPRINGBOKKE



TJOL



SALTIE

**Aan ons twee Springbokke Tjol en Saltie, wil ons veels geluk sê. Hulle het Stellenbosch se naam hoog gehou. Hoewel Saltie nie meer by ons is nie, beskou ons hom tog nog as „Ons Springbok".**

## Manshokkie

Die Matiespan was effens ongelukkig om 3—2 teen Ikeys te verloor. Voor rustyd het die Maties die botoon gevoer en blaastyd het dan ook gekom met hulle as die voorlopers 2—1.

Na rustyd het die Maties egter verslap en die Ikeys het hulle kans waargeneem om nog twee waardevolle doele te slaan en vir hulle daarmee 'n oorwinning in te oes.

## PUNTELYS VAN KOSHUIS KOMPETISIE

| | S. | W. | G. | V. | V. | T. | P. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Dagbreek (A) ... | 9 | 9 | 0 | 0 | 94 | 17 | 18 |
| Huis-Marais ... ... | 9 | 8 | 0 | 1 | 103 | 22 | 16 |
| Wilgenhof ... ... | 9 | 5 | 1 | 3 | 52 | 28 | 11 |
| Helderberg ... ... | 8 | 3 | 1 | 4 | 25 | 45 | 7 |
| P.S.O. (A) ... ... | 8 | 2 | 2 | 4 | 40 | 40 | 6 |
| Huis-Visser ... ... | 8 | 3 | 0 | 5 | 58 | 59 | 6 |
| Dagbreek (B) ... | 9 | 2 | 0 | 7 | 16 | 99 | 4 |
| P.S.O. (B) ... ... | 8 | 0 | 0 | 8 | 18 | 96 | 0 |

**WEDSTRYDE VIR MAANDAG 22 AUGUSTUS**

Dagbreek (A) teen Huis-Marais.
Dagbreek (B) teen Wilgenhof.
Huis-Visser teen Helderberg.
P.S.O. (A) teen P.S.O. (B).

**WEDSTRYDE VIR MAANDAG 29 AUGUSTUS**

Huis-Visser teen Wilgenhof.
P.S.O. (A) teen Huis-Marais.
Dagbreek (B) teen P.S.O. (B).
Dagbreek (A) teen Helderberg.

*Laat Nou U* **ERE-KLEURBAADJIE** *Maak!*

**Baadjies na maat gemaak, kompleet met volkleur omboorsel en wapen ... ... £11/7/6 en £12/4/3**

*

*Ons het die grootste verskeidenheid Sportshemde op die dorp! Ook 'n groot verskeidenheid Dasse. Ook VOORTREKKER DASSE teen 7/- elk.*

*

Kom kies en keur van ons nuwe besending **Rex Trueform Somerbaadjies.** Ook die nuutste in **Flenniebroeke** in die nuutste kleure.

*

**MATIE-Wapens, Dasse en Oortrektruie ALTYD in voorraad.**

*

**SPESIAAL!! Uitstekende waarde vir die middelmatige speler — Die „Kingscraft" Tennisraket:**
De Wet se Super Boland snare ... ... ... ... ... 78/6
Nylon ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... 63/6

*

Lang geruite GHOLF-KOUSE in Bruin en Grys teen 8/10; Effekleure en Khakie, 6/6 'n paar.

*

Somer **KAMERJASSE** om op te ruim teen 39/3 elk.

*

*HOEDE! HOEDE! 'n Groot verskeidenheid! Besigtig ons Venster.*

*

**GEBRS. DE WET**

*DIE MATIE-WINKEL*

Bus 21 - STELLENBOSCH - Fone: 20, 380



## Wanneer Mure Praat ..... Oor Bure op Straat .....

As jou naam *Rondloper* is, wil dit nognie sê dat jy net rondloop, en nie ook koerant lees nie; so af en toe steel jy darem maar oor 'n ou se skouer — soos *haaik* is dit mos die goedkoopste en daar is mos geen fout daarin nie — sê ons!

Nouja, toe ek een Saterdag-môre so 'n *birds-aai-wieou* oor 'n nie alte lang kêreltjie se skouer neem, wat sou ek sien: *„Stellenbosch Man discovered by Mr. E. J. Sawer."* My nuuskierigheid was natuurlik dadelik geprikkel. Ek het sommer baie vies gevoel, want wie ken nou nie 'n *Matie* nie?! Sommer die eerste paragraaf reeds was vir my 'n groot skok: *„The Stellenbosch Man was not a handsome fellow."* My liewe mede-Matie, ek was sommer .... ! Maar ek lees toe verder: *„ — he was ugly and a giant among primitive people ...."* Ek wou net ... ! Toe sien ek darem iets van *„60,000 years ago"*. Ek lees toe maar verder en vind toe uit dat dit van ons ou vroegste voorvaders was wat hier in Groot Drakenstein gewoon het. Ek besluit toe sommer daar en dan om die grot van ons ou voorgangers te gaan besoek. Dit is sowat *2,000 voet hoog* in die Groot Drakenstein geleë. Daar aangekom, het daar 'n geweldige stroom van *familiariteit* uit die grot my tegemoet gevloei, en toe ek nog so 'n bietjie nadink hoekom dit dan so bekend voorkom, het ek ontdek dat dit mos die einste *Hollandse saalatmosfeer* is — ook 'n *historiese mylpaal.*

Toe ek nou so sit en my gedagtes laat gaan, sien ek van die vroegste ou *wetenskaplikes* daar met hulle *dolosse en goete* en toe sê ek vir myself — dis tog snaaks; met al sy *goëlery* wou hy allerhande dinge verklaar en voorspel, nes *Annette le Roux* ook nou al *8 keer* haar fortuin laat vertel het en elke keer dieselfde antwoord gekry het.

Ek dink nog so aan al die *bygelowe en dinge* toe ek hier voor my uit die grond 'n *groot klipbyl* uitskop, en weer sê ek so vir myself: Ja, hier is ook nou 'n voorwerp wie se dade harder as sy woorde spreek, nes *Louis Buys,* want *Pippen* spring toe so maklik-maklik in die vliegtuig om sy sakies te kom regmaak.

*Geluk Ikeys,* ek hoor julle praat nou net van *Tjol.* Ja hy is vinnig ... nog vinniger by *Huis-div se hekkie en voordeurklokkie.* Geluk Tjol.

Die *LENTE* kruip nader, en ek sal graag wil sien wat ons *Juniors* onder omstandighede gaan voortbring. Suiwer tog net julle vlotte.

Is dit nou die *Haan van Huis-Marais of Clocolan?*

Ek wonder wat dit beteken om *gekys* te wees? Ek dink *Monica* het troubreek gepleeg. Hoekom leen hulle nie fluweelbroeke by *Helderberg* nie ...., of was dit 'n uitnodiging aan *Huis-Visser.*

Die een ding gee aanleiding tot die ander. So kom ek my toe kry dat ek wonder of die oerpaartjies ook verloof geraak het, soos *Dimpie du Toit en Willem Marais,* en of die ou voor-Matie sommer so 'n vuurkooltjie gebruik het om sy toekomstige te brandmerk, soos *Dawn Vermeulen* aan *Babs Hanekom* met sy sigaret doen.

Dan 'n *broeder* se aanmerking oor Erna Sack: „Dit is jammer haar kleredrag het my so gegrief, anders het ek haar sang meer geniet." Maar hy gaan staan Maandag weer tou? Dit lyk my hy is *gegroef* en nie *gegrief* nie.

Tot sover die wenkie vir die week. Om my darem by 'n ernstiger saak te bepaal: i.s. die akademie is die volgende wyse gevolgtrekking so pas in my voornemenslaaitjie geregistreer:—

„Twee dinge sê ek vandag vir myselwe —
die een is: ‚Onthou wat jy kan!'
Die ander: ‚Vergeet wat jy moet!'
(Dis amper te veel om te verg van 'n man)"
..... maar dit moet!!

Met dank aan Leipoldt en groete aan julle,

*RONDLOPER.*



KOEN RAAK SLIM!

## GOETHE-FEES OP STELLENBOSCH

Op 28 Augustus sal dit presies 200 jaar gelede wees dat Johan Wolfgang Goethe, die groot Duitse digter, dramaturg en wetenskaplike gebore is. Ter herdenking aan sy geboortedag, is daar dwars oor die hele wêreld feeste gereël, en ook Stellenbosch sal sy deel bydra tot hierdie internasionale feesviering.

In Carnegie Biblioteek sal daar 'n uitstalling wees, waar o.a. seldsame uitgawes van Goethe se werke ten toon gestel sal word.

Die Debatsvereniging het 'n Afrikaanse lesing oor Goethe gereël, en dié sal op Donderdag 25 Augustus plaasvind. Dr. Hoge sal die spreker wees.

'n Tipiese Goethe-aand sal in die Conservatorium Saterdagaand, 27 Augustus gehou word. Prof. Friedlaender sal by die geleentheid 'n lesing hou, en verder sal daar sang, musiek en voordrag wees.

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Beperk, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.

K. A. BRINK EN KIE.
ANDRINGASTRAAT 35
●
STUDENTE
Kom en sien ons groot verskeidenheid
RADIOS
beide NUUT en TWEEDEHAND

APTEKERS
Probeer Ons
Vir Afdrukke
En Vergrotings
Van U Negatiewe
JOERNING EN SEUN
(EIENS.) BPK.
FOON 24
H/v BIRD- en PLEINSTR.,
STELLENBOSCH

EDRICH
Vir
FOTOGRAFIE
RAAMWERK
KUNS

VIR DIE
● GROOTSTE VERSKEIDENHEID
● BILLIKSTE PRYSE
● NUUTSTE MODES IN MANSKLERASIE
DIE
EIKESTADWINKEL
BEPERK

HENDRIKZ
FOON 95
Vir Elektriese Benodigdhede
Radio- en alle Elektriese
Reparasies en Installasies.
AGENTE VIR
Philips Radios ★ Moffatstowe
Kelvinator Yskaste
(Langs Stellenbosch-Apteek)
Andringastr., Stellenbosch

Uit die hart van die wynland

Die wynland van Stellenbosch en Paarl is vir Suid-Afrika soos die Cognac en Armagnac vir Frankryk. Ons verwerf roem deur die wêreld as die tuiste van vyfster-brandewyn—en geleë in die hart hiervan—seker die wêreld se mooiste vallei—is die Huis van Rembrandt. Ons intieme verwantskap met die leidende wynbouers verseker u van hul mees gesogte voorraad.




Rembrandt
-BRANDEWYN
Goeie brandewyn is skaars—
waardeer dus hierdie Meesterstuk.
Kopiereg D.A.S.

Ontmoet my by PANORAMA want
★
*„In Stellenbosch bloei weer die bome;*
*Die wintertyd is nou verby ..."*
★
Die winter en lente kom en gaan, maar ons gevierde panorama bly die lus van ons land netsoos
★
PANORAMA KAFEE
Eerste Verdieping — Senitzky se Gebou,
ANDRINGASTRAAT.

MULLER SE HUURMOTORS FOON 712